Die Oorlewing van die Landbou in 'n Markverwante Ekonomie

Dr S S Brand, Uitvoerende Hoof en Voorsitter van die Raad: Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika

DIE Suid-Afrikaanse ekonomie word gekenmerk deur die belangrike rolle wat sowel kollektiewe as individuele of markgerigte besluitneming in die ekonomiese stelsel speel. Dit is wel in die afgelope jare ook gekenmerk deur doelbewuste pogings om 'n groter wordende rol vir die openbare sektor teen te gaan en die rol van die mark uit te brei. Voorbeelde waarin hierdie neiging gestalte vind, is die pogings om owerheidsbesteding te beperk, die beleid van privatisering en deregulering en die meer markgerigte makro-ekonomiese en monetêre beleidsrigtings wat nagestreef word.

Hoewel die Suid-Afrikaanse ekonomie geensins as 'n volslae markekonomie beskryf kan word nie, was daar dus wel 'n neiging om dit in 'n meer markverwante ekonomiese stelsel te omskep. Die voortsetting al dan nie van hierdie neiging het in die jongste tyd die ontwerp van verskerpte openbare debatsvoering geword as 'n uitvloeisel van die politieke hervormingsproses wat aan die gang gekom het. Dit is tans nie moontlik om die uitslag van hierdie debat te voorspel nie, maar daar is wel aanduidings dat dit sal uitloop op 'n herbesinning oor die wyse waarop die owerheid se rol in die ekonomie aangewend word eerder as noodwendig op 'n groter owerheidsbetrokkenheid.

Die landbou kan hom uiteraard nie van hierdie neigings afsonder nie. As die onderskeie rolle van die owerheid en van die mark in die ordening van die landbou in Suider-Afrika bekyk word onder die hoofde van produksie, die aanwending van produksiefaktore en die afset van landbouprodukte, dan blyk dit dat in al hierdie opsigte ook die landbou in toenemende mate aan markinvloede blootgestel geword het. Ook ten opsigte van die landbou was daar die neiging by die owerheid om sy rol te probeer beperk, terwyl daar vanuit die landbouleiding self beduidende beweging in die rigting van meer markverwante reëlings voorgestaan is — soos onder meer blyk uit die landboustrategie wat deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie geloods is.

Wat die reëling van die **landbouproduksie** betref, is dit veral by die voorsiening van dienste soos navorsing en ontwikkeling, waarby voorligtingsdienste ingesluit is, dat die neiging na vore getree het om te kyk na 'n beperking van die rol van die owerheid en die moontlike privatisering van sulke dienste. In hierdie verband is daar ook in toenemende mate die besef dat, vir sover die owerheid steeds betrokke bly by die voorsiening van hierdie soort dienste, daar gelyke toegang tot sulke dienste bewerkstellig sal moet word vir alle kategorieë van boere, dit wil sê, ook vir boere in die swart gebiede benewens die in die blanke of kommersiële landbou.

In die landbouproduksiebeleid van die owerheid word wel nog 'n sekere gewig gegee aan selfversorgingsdoelwitte ten opsigte van landbouproduksie en in samehang daarmee, ook ten opsigte van die voorsiening van landbouinsette, maar selfs in hierdie opsigte is die neiging daar om meer sensitief te wees vir markgerigte oorwegings.

Wat die **aanwending van produksiefaktore** betref, is daar ook 'n duidelike beweging in die rigting daarvan om die stelsel te suiwer van verwringende invloede soos nie-markverwante rentekoerse en belastingmaatreëls, ten einde die vloei en aanwending van produksiefaktore meer bloot te stel aan markinvloede. Dit kan lei tot 'n duideliker weerspieëling van die werklike markwaardes van sulke produksiefaktore in die pryse daarvan, en gevolglik tot ander besluite oor die aanwending daarvan. Vir sover dit byvoorbeeld die gebruik van kapitaal in die landbou betref, word die finansiering van die landbou al meer blootgestel aan die algemene neiging tot 'n meer markgerigte monetêre en finansiële beleid. Ook wat die aanwending van arbeid in die landbou betref, is daar 'n neiging tot minder regulering in aansluiting by wat in die res van die ekonomie gebeur. Dit is egter veral ten opsigte van toegang tot en die aanwending van landbougrond dat daar nog aansienlike en ingrypende beperkings op die invloed van markfaktore is. In die swart gebiede staan sake nog maar in die begin van 'n evolusie na verhandelbaarheid van regte op grondgebruik, terwyl daar in die ander landelike gebiede steeds wette is wat die toegang tot en die onderverdeling van landbougrond beperk. In albei hierdie opsigte is dit te verwagte dat daar ook verdere evolusie sal moet kom in die rigting van meer markverwante reëlings, in die aansluiting by die verwikkelinge op die politieke gebied. Indien hierdie evolusie nie in die rigting van meer markverwante reëlings is nie, is daar 'n wesenlike gevaar dat dit in die teenoorgestelde rigting kan verloop, na ingrypende maatreëls om 'n gedwonge herverdeling van die beskikking oor grond teweeg te bring. Soos by toegang tot ondersteuningsdienste, behoort die wagwoord ook gelyke toegang te wees ten opsigte van grond, arbeid en kapitaal.

Wat die **afset van landbouprodukte** betref, is daar ook 'n neiging na groter sensiwiteit vir onderliggende markneigings, hoewel die heersende situasie ten opsigte van baie landbouprodukte nog sterk gekenmerk word deur beperkende maatreëls wat deur owerheidsinmenging gerugsteun word. Die verdere ontwikkeling in die rigting van meer markverwante afsetreëlings sal ook gelyke toegang vir alle kategorieë boere moet insluit. Vanselfsprekend is 'n voorwaarde hiervoor dat daar gelyke toegang tot ondersteuningsdienste en produksiefaktore sal wees en nie bevoorregte toegang vir die een of die ander kategorie van boere nie.

WAT is nou die implikasies vir die oorlewing van die landbou van hierdie verskillende neigings na 'n meer markverwante omgewing? Die volledige antwoorde hierop is nie maklik raak te vat nie, maar sekere algemene rigtings kan wel aangedui word op grond van algemene teoretiese oorwegings, navorsing wat gedoen is en ervarings in die praktyk.

Meer markverwante omstandighede wat betref die toegang tot en gebruik van ondersteuningsdienste en produksiefaktore soos finansieringstelsels, tegnologie, grond en arbeid kan lei tot ingrypende veranderings in die landboutegnologie vergeleke met

wat tans die norm in sowel die blanke as swart boerdery is. Die aanduidings is dat daar 'n neiging tot deïntensifisering van die blanke (of kommersiële) landbouproduksie sal wees, met 'n laer aanwending van lopende produksie-insette enersyds, en andersyds 'n spaarsamer gebruik van kapitaalinsette soos meganisasiehulpmiddels, ten einde aanvaarbaarder risiko-vlakke in die landbou te bewerkstellig. Daarmee gepaard kan verwag word dat die neiging na groter wordende plaaseenhede moontlik tot stilstand sal kom en selfs omgekeer kan word, met 'n optimisering by heelwat kleiner eenhede as wat tans as norm aanvaar word. In die swart landbou kan daarenteen sekere mate van intensifisering plaasvind.

Sulke neigings in die aanwending van sowel lopende as kapitaalinsette in die landbou, gepaard met veranderende plaasgroottes, kan natuurlik betreklik ingrypende implikasies hê vir die ontwikkeling van die mark vir lopende en kapitaalinsette vir die landbou, waarby die verskillende voorsieningsbedrywe hulle sal moet aanpas. Daarby kan dit ook verwag word dat daar vanuit landboukringe en in simpatie met die groter klem op markinvloede in die ekonomie in die geheel, 'n sterker aandrang sal wees op meer effektiewe mededinging in die voorsiening van landbou-insette. Daardie mededinging sou ook kon insluit groter openheid vir die invoer van sulke landbou-insette. Hierdie aandrang is 'n natuurlike teenhanger vir die neiging na 'n meer markverwante benadering aan die afsetkant vir landbouprodukte.

Daar moet ook verwag word dat in sulke meer markverwante omstandighede aan sowel die produksie- as die afsetkant van die landbou daar redelik ingrypende veranderings kan plaasvind in die geografiese spesialisasiepatrone wat tradisioneel in die Suid-Afrikaanse landbou aangetref word. Die vry algemene opvatting dat sekere dele van die land byvoorbeeld net vir mielie- of koringproduksie en ander net vir lewende-haweproduksie geskik is, kan in die slag bly. Daar kan dus groot aanpasbaarheid van landbouprodusente in verskillende streke verwag word ten einde oorlewing te verseker. Ook voorsieners van insette sal hulle hierby moet aanpas.

Een wyse waarop hierdie verskuiwing in produksiepatrone gestalte kan vind, sal stellig wees 'n toename in die relatiewe bydraes wat deur die swart of sogenaamde bestaanslandbousektor teenoor die sogenaamde blanke of kommersiële landbousektor gelewer sal word, selfs sonder inagneming van die moontlikheid van vryer toegang tot die gebruik van grond in die algemeen.

Oorlewing sal in hierdie omstandighede klaarblyklik nie kan beteken dat eenvoudig voortgegaan word met wat in die verlede die praktyk was nie, maar sal moet beteken aanpasbaarheid in die keuse van produksievertakkings, produksiemetodes en die aanwending van produksiefaktore. Oorlewing sal ook nie noodwendig beteken voortgesette produksie deur dieselfde produsente nie, maar wel die oorlewing van daardie produsente wat die nodige aanpassingsvermoë by die veranderde, meer markverwante omstandighede toon, asook die toetrede van nuwe ondernemers wat die geleenthede kan benut wat deur daardie omstandighede gebied word. Die resultaat behoort te wees 'n leniger, effektiewer landbousektor wat steeds 'n belangrike rol in die volkshuishouding sal speel.